DIE DAMESKRING
Hoofkantoor
012 301 1761
086 416 4782
admin@dameskring.co.za
www.dameskring.co.za

Datum: 2 April 2024

NASIONALE BIDDAG VIR GESINNE IN SUID-AFRIKA - 12 Mei 2024
Amptelike kennisgewing deur Die Dameskring

Daar word bereken dat net een derde van die kinders in Suid-Afrika in 'n gesin met albei biologiese ouers grootword. Dit is verbysterend om te dink hoeveel van die ongeveer 18 miljoen kinders in ons land hierdeur geraak word. Ons ervaar geweldsmisdaad, armoede, gebrekkige skoolopleiding en onder-prestasie as probleme. Een van die belangrikste faktore wat hiertoe bydra, is die verbrokkeling van die gesin.

Juis daarom heg Die Dameskring groot waarde aan die doelstelling: die behoud en versterking van die gesin. Sedert 2019 word 'n Biddag vir Gesinne jaarliks aangebied as een van die nasionale projekte van Die Dameskring. Die Dameskring sou graag die Christengemeenskap in Suid-Afrika wou inspireer om weer in 2024 saam te kom om by 'n spesiale geleentheid te bid vir kerngesonde gesinne wat geestelike en morele waardes uitleef. Dit sal wonderlik wees as hierdie geleentheid jaarliks deel van gemeentekalenders word. Die Biddag vir gesinne, geïnisieer deur die Uitvoerende Bestuur van Die Dameskring, vind plaas op **12 Mei 2024.**

Ons nooi gemeentes en alle Suid-Afrikaners om in afhanklikheid van ons Hemelse Vader saam in gebed te verenig vir hierdie belangrike saak.

Op 12 Mei 2024 wil ons saam met gesinne kniel om:
- te bid vir eie gesinne,
- te bid vir die herstel van gesinswaardes,
- te bid vir heling van gebroke gesinne,
- te bid dat God ons kinders met wysheid sal seën om in uitdagende tye goeie besluite te neem,
- te bid vir die bewaring van die huwelik.

Een van die taklede van Heidelberg Suikerbosrand wat by 'n hoërskool betrokke is, het die VRL-leiers van die skool deel van Die Dameskring se Biddag vir Gesinne gemaak. Die VRL-leiers moes vir gesinne in klasverband bid. Amanda Olwagen het ook vir die leiers gevra waarvoor moet ons bid. Hulle het die volgende versoek:
- Ouers moet na hulle luister en aandag gee aan wat hulle sê;
- Ouers moet nie te kwaai wees met hul kinders nie;
- As hul pa nie by die huis is nie, moet hul ma nie so streng en perfeksionisties wees nie.

Die Dameskring glo in God-drie-enig en soek bo alles die verheerliking van sy naam!

Vriendelike groete

Elphi Taljaard
Die Dameskring President

S 083 677 1118 **E dkpresident@dameskring.co.za**
T 012 301 1761 **W** www.dameskring.co.za

Die Dameskring inspireer en bemagtig vroue om as leiers en positiewe verskil-makers hul Christenskap en die Afrikaanse kultuur uit te leef, hul gemeenskap dinamies te dien en te help bou aan ons land, Suid-Afrika.

Ons waak en werk.

Uitvoerende Bestuur: Elphi Taljaard (President), Suzette Viljoen (Vise-President), Ilze Lammers, Elize Barnardt, Tanya Gerber, Duif Brand, Suzanne Myburgh, Stephani Venter, Wilma van der Merwe, Marleese Lemmer, Mariette de Villiers, Donsie Kruger, Lucinda Ferreira, Karin Stoffberg